



TOULEIER



Die naglewe in Katar kan interessant wees ...

Ek het al voorheen vertel hoe streng hulle hier in Katar is oor drink en bestuur. Soos in nul alkohol en nul verdraagsaamheid. Soseer dat 'n mens nie eers sal dink aan dop en ry nie. Jy bestel eenvoudig 'n taxi as jy gaan drink die aand. Hulle is darem baie volop en bekostigbaar hier waar ons dubbel verdien en helfte betaal.

Jy herken 'n taxi aan sy turkooisblou onderlyf en donkerblou dak en omtrent elke tiende kar wat verby kom, is 'n taxi. Dan is daar ook die 'langwaens' wat eintlik nie regtig die beenstrek-tipe is nie, maar darem so een graad op is in luuksheid. Die bestuurders van die Doha taxi's was eers meestal Indiërs, maar deesdae kry jy van Nepalese tot Keniane wat kom probeer oorleef.

So sit ek nou een Dinsdagaand saam met 'n maatjie af na die rugbyklub waar die Ligting-organisasie gereeld bymekaar kom vir 'n praatjie oor ingenieurswese of een of ander projek in Katar en sommer ook om net die stof uit die keel te spoel.

Daar is glo soms tot tweehonderd mense, veral wanneer daar 'n borg is en 'n mens gratis eet en drank teen 'n baie billike prys kan kry. Soms kom 'n bier se prys so laag soos die weggeeprys van R30 'n treksel!

Dis my eerste aand by die rugbyklub. Kamermaatjie het gehoor van al die kos en drank wat daar beskikbaar is en het aangeraai ek honger uit en vas vir die dag. Daar is vanaand egter nie borge nie en dus ook nie versnaperings nie. Die prys van 'n bier is op na twintig real, wat so by die R60 draai.

Daar is ook nie baie mense nie want elke plek het mos maar sy aandeel van sponse en roofdrinkers wat lankal gehoor het dit gaan geld kos en dus 'n ander krip gaan opsoek. Die oorblywendes is dus mense wat daar wil en kan wees en die feit dat môre Woensdag en 'n gewone werksdag is, sit hulle ook glad nie af nie.

Die manne is dors. Party, soos ek, is nie net dors nie, ons is nog honger ook. Gou-gou slaan die geselsgedruis oor na 'n ligte dreuning en selfs die rokers wat die ysige windjie buite moet trotseer hou by met die drankies pas. Dis mos woestynwêreld dié en water is altyd skaars. Om nie van bier eers te praat nie. En buite wag die taxi's geduldig.

Self was ek nie te veel ontwater nie en so voel ek na die vierde bier dat die hongerpyne die skaal begin tiep in die rigting van innerlike versterking. Ek maak verskoning by my reismaatjie en wandel by die rugbyklub se ewe luidrugtige sosiale lede verby. Hou my lyf mooi regop en fier soos dit 'n man met vier biere op sy nugter maag betaam.

Buite word ek gekonfronteer met 'n see van huurmotors. Te veel taxi's en te min kliënte. Dis die borge se skuld. Die taxiverkenner, hy werk amper soos die vroue van die nag se 'pimp', vra my of ek 'n huurmotor nodig het. Is die pous Katoliek?

Daar is so baie om van te kies en ek besluit om my vanaand te bederf. Ek glip, (of is dit nou glyval?) by die agtersitplek van 'n langbeenstrekwa in.

"Good evening sir, my name is Najat, and where would you like me to take you?" kom die jong stem van êrens daar voor af. Ek besluit die aand is nog 'n papie en die wêreld jeuk om verder te verken word.

(Lees volgende keer verder.)

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Bosluis



Stuur asseblief hierdie waarskuwing aan almal op jou e-poslys!

Pasop as iemand aan jou voordeur klop en sê weens die baie warm weer kom hy 'n opname oor bosluise maak.

Hy sal vra dat jy al jou klere uittrek en met jou arms in die lug rondans.

**MOENIE DIT DOEN NIE!
DIS 'N VERNEUKSPUL!**

Hy wil net sien hoe jy lyk as jy kaal dans.

Ek wens ek het dit gister geweet.

Ek voel so onnosel!

SLIM LOGO'S (1)

Maatskappye bestee klein fortuintjies aan die ontwerp van logo's. Miskien sal jy nou verstaan hoekom, en in die toekoms fyner oplet!



Kan jy sien die R is 'n fietsryer en die O is die fiets se agterwiel?

HYSBAK-PETALJE

'n Vrou in 'n hysbak het my vanoggend geslaan.

Sy is met twee pragtige, groot borste geseën en ons het saam ingeklim.

Toe sê sy: "Druk asseblief een."

Ek kan nie mooi onthou wat verder gebeur het nie . . .

Die herkoms van ons gesegdes (22)

Lunsriem: 'n Lunsriem wees ('n smerige persoon wees)

Die luns is 'n ysterpen wat deur die punt van 'n wa-as gesteek word om te voorkom dat die wiel uitval. Die lunsriem is 'n riempie wat deur die onderpunt van die luns gesteek word om te verhoed dat dit uitval en wat baie vuil word as gevolg van die ghries waarmee die as gesmeer word.

Maag: Op jou nugter maag (voordat jy geëet het)

Die nugter hou moontlik eerstens verband met Nederlandse goeden ochtend. Die -n van goeden is gevoeg aan die ochtend en sou nochtend word.

Gewestelik is dit vervorm tot nuchtend, nuchte en as byvoeglike naamwoord nuchter. Daar is ook 'n ou vorm enugterne wat moontlik uit en ("in, aan") en uchter ("oggend") saamgestel is. Aangesien die woord nuchter in Nederlands reeds amper 'n duisend jaar oud is, word tweedens gedink aan Latyn nocturnus "nagtelik"; dus jou nagtelike (leë) maag. Die nugter kan derdens ook met nag verband hou, wat dit dan jou nagmaag (en dus leeg) maak. Wat die herkoms van nugter in nugter weet betref: nugter weet.

Maandag: 'n Blou Maandag ('n dag waarop alles verkeerd loop)

Die byvoeglike naamwoord blaauw het in die Middeleeue en ook later die betekenis van "nietig, van weinig waarde" gehad; 'n blou Maandag was dus 'n Maandag van geen besondere betekenis nie, terwyl Sondag die feesdag was waarop nie gewerk hoef te word nie. 'n Ander moontlike verklaring het te make met die Maandag voor die vastyd in die kerk wanneer die beelde, die altaar, die doopvont en die kansel met blou doeke behang is. Aangesien dié dag in die Middeleeue ook Goeie Maandag genoem is, lyk laasgenoemde verklaring nie aanvaarbaar nie.

Windows vs Ford



Almal wat 'n groot liefde koester teenoor rekenaars en die manier waarop hulle ons lewens verryk het, moet aanlees:

Op 'n onlangse rekenaar-ekspo het Bill Gates glo die rekenaarindustrie met die motorindustrie vergelyk en gesê:

"As Ford met die tegnologie tred gehou het soos wat die geval met die rekenaarindustrie was, sou karre nou R100 gekos het en sou ons 500 kilometer met 'n liter petrol kon ry."

In antwoord hierop het Ford 'n persvystelling uitgestuur en gesê:

As Ford die tegnologie soos Microsoft ontwikkel het, sou ons nou motors met die volgende karakteristieke bestuur het:

1. Om geen rede nie sou jou kar twee keer per dag net opgepak het.
2. Elke keer as hulle die strepe op die pad oorgeverf het, sou jy 'n nuwe motor moes aanskaf.
3. Van tyd tot tyd sou jou motor sonder enige rede net op die snelweg gevrek het. Jy sal dan van die pad moet trek, al die vensters (Windows) toemaak en weer oopmaak voordat jy kan voortgaan. Om een of ander rede sou jy dit maar net tevrede aanvaar en gedoen het.
4. Soms, wanneer jy iets doen soos om links te draai, sal jou kar vrek en weier om weer aan die gang te kom. In so 'n geval sou jy die enjin weer moes installeer.
5. Macintosh (Apple Mac) sou 'n kar gemaak het wat deur sonkrag aangedryf word, betroubaar is, vyf keer vinniger kon ry en baie makliker sou bestuur - maar dit sou net op 5% van die paaie kon ry.
6. Die waarskuwingsliggies vir temperatuur, olie en water en die alternator se waarskuwingsliggie sou met een waarskuwingsliggie vervang gewees het. Dit sou lui: "Hierdie motor het 'n onwettige operasie uitgevoer."
7. Die lugsakstelsel sou, voor dit ontplooi, gevra het: "Is jy seker?"
8. Soms, en om geen rede nie, sal jou kar jou uitsluit en jou net inlaat as jy gelyktydig die deurhandvatsel oplig, die sleutel draai en die radio se lugdraad gryp.
9. Elke keer as 'n nuwe motormodel op die mark verskyn, sou jy van vooraf moes leer bestuur omdat al die kontroles anders gewerk het.
10. Jy sou "Start" moes gedruk het om die enjin te smoor.

NASKRIF: As jy enigiets wil byvoeg, kan jy kliëntediens in een of ander vreemde land bel en in 'n vreemde taal vertel word hoe jy jou kar self kan regmaak.

Deel dit asseblief met al jou vriende wat lief is vir hul rekenaar, en ook met diegene wat hom soms haat.

"My dokter sê ek moet ophou om intieme etes vir vier aan te bied as daar nie drie ander mense is nie."

- Orson Welles

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

TIPIESE HOND


Die ou gaan met sy pas gekooperde opregte hond na die veearts.

"En?", vra die veearts, "wat is die probleem?"

"Wel," sê die eienaar van die hond, "ek het hom gekoop as 'n wag hond, maar elke keer as die klokkie lui, dan gaan my hond in die hoek sit."

Die veearts vryf oor sy ken en sê: "Ja, dit is wat Bokkers doen."

(Van Jeanette)



MAKLIKE OPLOSSING

Jan kon nie slaap nie en het ure lank gelê en rondrol.

Vrou: "Aarde Jan, kan jy nie maar tot tus kom nie? Wat is dit met jou?"

Jan: "Ek het 'n groot probleem. Ek skuld Chris R10,000 en ek het nie die geld nie."

Vrou: "Nou bel hom en sê dit vir hom. Dan kom slaap jy en laat hóm die rondrolwerk doen."

VERRASSINGS

Drie ma's staan en gesels. Die een is 'n blondine, die een 'n rooikop en een 'n brunet.

Die brunet sê: "My jinne, ek krap nou die dag in my dogter se sak en kry toe 'n sakkie dagga. Ek kan nie glo sy doen dwelms nie."

Die rooikop haak af: "Ja, wel, ek het anderdag 'n vals karlisensie in my dogter se beursie gekry. Ek kan nie glo sy het een nie."

Die blondine: "Daai's nog niks! Ek het nou die dag 'n kondoom in my dogter se beursie gekry. Ek kan nie glo sy't 'n meneer nie!"

GELEERDE KAT

Die muisgesin het in hul wegkruipplek sit en luister hoe die huiskat buite rondloop en kort-kort 'n luide "miaau!" los.

Skielik was daar 'n nuwe klank: "Woef! Woef!" gevolg deur stilte.

Hulle het gedink die kat is deur 'n hond verwilder en dat dit nou veilig is, maar die kat het toegeslaan en almal opgeëet.

Terwyl hy sy snorbaarde aflek, sê die kat: "Ek het altyd geweet 'n tweede taal sal nuttig wees!"

KLOP-KLOP

Die polisie: "Klop-klop."

Gammat: "Wies daar?"

Polisie: "Dis die Polisie."

Gammat: "Wat de fok soek djulle?"

Polisie: "Ons wil praat."

Gammat: "Hoeveel is djulle?"

Polisie: "Ons is twee."

Gammat: "Nou fokken praat dan met mekaar!"

OOR EGSKEIDINGS

V: Wat is die ooreenkoms tussen 'n tornado in Amerika en 'n egskeiding in Danville??

A: In albei gaan daar iemand wees wat 'n karavaan verloor ...

BC deur Johnny Hart





Die storie van Struisbaai se WONDERKAS

Op Struisbaai was daar 'n restaurant met die naam Wonderkas.

Hulle het seekos bedien – maar watse seekos was dit nie net nie! Hulle het daarop geroem dat hulle alles wat 'n kliënt vra, kan verskaf.

Noorweegse salm, soesji uit Japan, galjoen, perlemoen, langoustines, Nieu-Seelandse groenpunt-mossels, snoek, dertig soorte harings, alle soorte oesters, Patagoniese en Mediterreense calamari, krappe uit Alaska. Noem maar op, hulle het dit en hulle kon dit bedien.

Eendag kom daar vier toeriste. Hulle vra 'n spyskaart, maar Dennis, die eienaar, sê, nee, jammer, hy het nie een nie hulle moet net vra wat hulle wil hê en hy sit dit voor.

Hulle kyk hom maar erg ongelowig aan, maar bestel toe tog. Duidelik ken hierdie toeriste hulle seekos. Die een vra vir tuna sasjimi.

"Sekerlik," sê Dennis, "wat sal dit wees, geelvin, blouvin, langvin of itosjbi?"

"En," sê Dennis, "sê sommer ook wat se tipe wasjabi jy by wil hê."

Die tweede toeris vra vir selekant-filet.

"Dis reg so," sê Dennis, en beveel sommer die Comoro-selekant bo die Selebes aan want eersgenoemdes is nou in baie beter kondisie.

Die een toeristetannie is maar bietjie dikkerig en mens kon sommer sien sy is 'n lekkerbek. Sy soek vissop, sê sy.

"Dis reg so," sê Dennis, "maar sal dit Waterzooi, Suppa de Pesce of Bouillabaisse wees?" Hy sê sommer ook verder dat hy die Bouillabaisse aanbeveel, want die rascasse daarvoor het juis net vanmiddag uit die see gekom en die nuwe seisoen vir Turkse saffraan is iets besonder.

Die maer blondine wil iets ligs hê en bestel 'n slaai met vars seekas-taiings en sargasso-jellie met skyfies gerookte Beluga-dolfyn.

"Doodreg," sê Dennis, "ek kan sommer sien julle is kenners."

Die toeriste sit behaaglik agteroor met 'n bottel koue Chablis en Dom Perignon. Twintig minute later kom die kos. Alles is perfek voorberei en is presies soos wat dit bestel is. 'n Eetervaring so uit die boeke.

Toe hulle klaar geeët het, kon hulle nie ophou om Dennis te komplimenter nie.

Hulle vra hom toe met ontsag of dit al ooit gebeur het dat iemand hom gevra het vir 'n gereg wat hy nie kon voorsien nie.

"Ongelukkig, ja," antwoord Dennis. Een Sondagaand in Julie het 'n man hier ingekom en hom gevra vir gestoomde meermintieties op roosterbrood.

"Glo my," sê Dennis, "ek het die hele Struisbaai platgery, maar kon nêrens brood kry om te rooster nie."

"Die blote gedagte aan tweeduisend mense wat tegelyk slaai kou het vir my afskuwelik geklink."

- George Bernard Shaw se verduideliking hoekom hy 'n vegetariese gala ete van die hand gewys het.

Uit die wakies

Stories vir die vaak



Ons het gevra julle moet die borrel voltooi. SUNA STIRK wen die boek-prys met: "... ek's mal oor jou boetie!"

5



MINUTE

Onlangse toetse het getoon die vyf minute voordat 'n vrou gereed is

en die vyf minute voordat 'n man by die huis gaan wees is ewe lank.

Slim gedagtes oor en deur VROU

Huwelike is in die hemel gemaak. Maar dan geld dit ook vir donder en bliksem.

Daar is net een manier om 'n vrou van opinie te laat verander: stem met haar saam.

Vroue verkies stil mans. Hulle dink hulle luister.

Elke meisie moet gebruik wat Moeder Natuur haar gegee het voor Vader Tyd dit wegneem.

'n Pessimis is 'n man wat dink alle vroue is sleg. 'n Optimis is 'n man wat hoop hulle is.

Vroue regeer regtig die wêreld, hulle het dit nog net nie uitgevind nie. Wanneer dit gebeur, sal ons almal in groot moeilikheid wees.

"Ek dink die vrou is die laaste ding wat deur die man beskaaf sal word." – *George Meredith*

"'n Man kan kort wees en bles word, maar as daar vuur in hom is, sal vroue van hom hou." – *Mae West*

"As die wêreld 'n logiese plek was, sou die mans met 'n sypaal perd gery het." – *Rita Mae Brown*

"Kan jy jou 'n wêreld sonder mans voorstel? Geen verkragtings en baie gelukkige, vet vroue." - *Anoniem*

"Dis nie die mans in my lewe nie, dis die lewe in my mans."
– *Mae West*



My planne vir die dag as ek aftree

Van my vriende het gevra wat ek gaan doen as ek aftree.

Wel, ek het aansoek gedoen vir 'n boupermit vir 'n nuwe huis.

Dit sal 30 meter hoog wees en 120 meter wyd, met twaalf skiettorings op verskillende hoogtes, baie vensters en 'n klankstelsel wat die hele woonbuurt kan vermaak.

Daar sal parking vir 200 karre wees en ek gaan die hele affêre snotgroen verf met pienk afronding.

Die stadsraad was ontsteld:
"VERGEET DIT! DIT SAL NIE GEBEUR NIE!"

Toe dien ek die aansoek weer in, maar hierdie keer noem ek dit 'n moskee.

Die bouwerk begin Maandag.

Ek is lief vir hierdie land, maar die regering maak my baie bang . . .



Skotse antwoord

Donald MacDonald van Skotland het aan 'n Engelse universiteit gaan studeer en het in die koshuis gebly.

Na 'n maand besoek sy ma hom met allerhande lekker eetgoed "En hoe vind jy die Engelse studente?" vra sy.

"Ma, hulle is aaklig. Raasgatte. Die een hou aan om sy kop teen die muur te stamp. Die een in die ander kamer skree heelnag lank!"

"My arme kind! En hoe hou jy dit?"
"Ag, ma, ek ignoreer hulle en hou maar aan om op my doedelsak te oefen."

KWT.COM



Hoekom vertoon horlosie-advertensies altyd 10:10?

Volgens Timex is die antwoord eenvoudig: dis 'n kwessie van estetika en dit vertoon ook die horlosie se logo ongeskonde.

En as die horlosiegesig 10:10 wys, lyk dit na 'n glimlag - en dis mos wat adverteerders soek.

Timex-horlosies het altyd 10:09:36 in advertensies vertoon, en dit het die gebruik vir polshorlosies geword. Selfs digitale horlosie-advertensies vertoon dikwels 10:10.

Daar is wel andervervaardigers wie se horlosie-advertensies nie 10:10 vertoon nie.



Beroemde Pitte hier in Suid-Afrika

Charlize Theron is nie die enigste Hollywood-ster met familie in Suid-Afrika nie.

Na jare se geheimhouding het dit nou bekend geword dat die akteur Brad Pitt nog vier broers het. Hulle bly almal in Suid-Afrika.

Die oudste broer is 'n boer in die Vrystaat en sy naam is Mielie Pitt.

Die tweede oudste broer werk in Benoni as mekenniek en sy naam is Tap Pitt.

Die derde oudste broer is 'n vlieënier vir Mango en sy naam is Kock Pitt.

Die vierde boet is heeltemal van koers af en skree vir die Bulls. Sy naam is Stu Pitt.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BADENHORST hannely.deyzel@gmail.com

Barend Hendrik Badenhorst was van Valeispruit. Was getroud met Susan Susara loudser. Hulle het een kind gehad. Op soek meer inligting oor my oupa se ouers en voorgeslagte.

BARNARD bbproperties@iway.na

Ek is op soek na die nageslag van my groot-groot Ouma grootjie: STEFINA LOURINA DU TOIT Gebore: 26.9.1893 Oorlede: 4.7.1973 Was Getroud met my groot-groot Oupa grootjie: MARTHINUS CHRISTOFFEL BARNARD Gebore: 3.6.1884 Oorlede: 19.7.1966. Hulle is getroud op 29.9.1908. Het 13 kinders gehad nl. -Theunis Jacobus Petrus Barnard geb.1909 oorl. 1965 -Petrus Johannes Barnard geb. 1911 oorl. 1996 -Johannes Stephanus Barnard geb. 1915 oorl. 1981 -Andries Hendrik Jacobus Barnard geb. 1917 oorl. 1980 -Stefina Lourina Barnard, getroud met n Swanepoel geb. 1919....leef nog/Dogter se naam Marie/Bly glo in Kroonstad SA -Gabriel Machiel Barnard geb. 1921 oorl.2004 -Hendrik Gysbertus Barnard geb. 1926 oorl.2002 -Gerhardus Barnard geb.1930 oorl.2005. Enige kinders asb/agter klein kinders wat die naam herken of iets weet van haar(du Toit)of die Barnards, kan my kontak. Hulle het 13 kinders gehad en so ver ek weet leef die dogter nog! Sy is: STEFINA LOURINA BARNARD (GETROUD MET SWANEPOEL VAN KROONSTAD)Gebore: 27.7.1919. Sy het 'n dogter met die naam Marie. Weet nie meer!

Ander kinders vroeg in hulle lewe oorlede met geboorte/ stuipe/maagkoors! Asseblief enige iemand van die nasate, kinders/klein kinders my kan help, kan hulle my kontak. Soek inligting en foto's waar moontlik!

BUYS pietj@mweb.co.za

Ek soek inligting van die familie Buys aan wie die plaas Boschrand behoort het, waarop Dordrecht aangelê is.

JOUBERT hannely.deyzel@gmail.com

Addisioneel: Jan Joubert was gebore laat 1800. Was getroud met Isabel Roestof, en hulle het 9 kinders gehad.

LAMONT mbrgh777@gmail.com

Is op soek na enige familie informasie oor Colin Lucas Lamont, DOB onbekend. Sy seuns was Thomas Emanuel (my oupa), Ben en Jack. van Port Elizabeth, en/of Uitenhage.

LOUW cor.dewaal.cdw@gmail.com

Op soek na familie van Ouma Catharina Susanna Petronella Louw(Voorheen Groenewald)Het gebly in Klersdorp By haar dogter Joey(+/- 1982-1985-(Oorlede).

MYBURGH mbrgh777@gmail.com

Ek is op soek na Familie van Stephanus Jacobus Fouche Myburgh getroud met Valerie Carol Myburgh (gebore Pegram) van Port Elizabeth. Enige informasie sal waardeer word!

NEL jan.nel@hotmail.com

Jan Abraham Nel, *24/02/1914 Sweizerenecke en +27/7/1977 Christiana

PIETERSE jan.nel@hotmail.com

Poppie Pieterse, gesterf 13/08/1958, Lichtenburg.

ROSSOUW pietj@mweb.co.za

Ek is op soek na inligting van die Rossouws van die plaas Coetseeskraal Dordrecht.

VAN WYK sabina.clarisse@transnet.net

gebore 1803 -Andries Thomas.

Ou man se goeie raad

Twee jong latte sit in die kroeg.

"Jy lyk uitgeput," sê die een.

"Ja," sê sy vriend. "Ek is gedaan. Dis hierdie nuwe meisie van my wat net heelnaag seks wil hê. Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie."

'n Ouballie van 70 sit 'n entjie weg en hoor die gesprek. Met die jare se wysheid kyk hy die twee aan en sê:

"Trou met haar. Dit sal 'n einde maak aan jou probleem!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Gooi die pil via die liniaal in sy bek in en vryf jou kat se keel om sy slukproses aan te moedig.

Plaas jou katjie in die buig van jou arm asof jy 'n klein baba vashou. Sit jou regterwysvinger en duim aan beide kant van sy snoetjie en oefen versigtig druk uit terwyl jy die pil in die ander hand gereed hou. Sodra jou katjie sy bekkie oopmaak, gooi die pil in en gee die katjie die geleentheid om dit af te sluk.

Maar dit werk nie altyd vir alle mense en alle katte nie. Volg dan die volgende stappe:

- 1.** Soek die pil op die vloer en gaan haal die katjie agter die bank uit. Plaas die katjie weer in die ronding van jou arm en herhaal die proses.
- 2.** Gaan haal die dêm kat uit die slaapkamer en gooi die nat pil in die drom.
- 3.** Neem 'n nuwe pil uit die dosie en plaas weer die kat in jou arm terwyl jy beide voorpote stewig vashou. Forseer sy kake oop en druk die pil binne in sy bek met jou regterwysvinger. Hou die kat se bek vir ten minste tien tellings toe.
- 4.** Haal die pil uit die visdam met die klein netjie en gaan haal die mal kat bo van die kas af. Roep nou jou maat uit die tuin uit om jou te kom help.
- 5.** Kniel op die vloer en dwing die kat tussen jou knieë vas, neem sy pootjies in 'n baie stewige greep en ignoreer die harde gegrom. Laat jou maat die kat se kop ferm vashou en dwing sy bek oop met 'n houtliniaal. Gooi die pil via die liniaal in sy bek in en vryf jou kat se keel om sy slukproses aan te moedig.
- 6.** Haal die besimpelde kat van die gordynreling af en neem nog 'n pil uit die dosie. Maak 'n aantekening om 'n nuwe liniaal te koop en ook om die gordyne te laat regmaak. Vee die stukke glas en keramiek van die beeldjies en potte op sodat jy dit later kan weggooi.
- 7.** Draai die blasende kat in 'n groot handdoek toe en laat jou maat bo-op die kat lê of sit sodat net sy kop onder jou armholte uitsteek. Suig die pil met 'n strooitjie op en forseer die blêrrie kat se bek oop. Blaas die pil deur die strooitjie in die kat se keel af.
- 8.** Lees die pamflet deur om te sien of die pille skadeloos vir mense is en drink 'n koue bier om die smaak uit jou mond te kry. Ontsmet jou maat se arm, sit self op die wond en draai 'n verband om. Verwyder die bloedvlekke van die vloer.
- 9.** Gaan haal die flippen kat uit die buurman se garage, neem nog 'n pilletjie uit die boks en drink nog 'n bier. Sit jou kat in die klerekas sodat net sy kop uitsteek. Forseer sy bek oop en skiet die pil met 'n kettie in sy keel af.
- 10.** Gaan haal die skroewedraaier uit die garage en hang die kasdeur terug op sy skaniere. Soek die whiskeybottel, neem 'n groot sluk en ontsmet die krapmerke op jou wange. Maak seker of jou tetanus-inspuiting nog geldig is. Gooi jou stukkende trui in die drom en gaan trek 'n ou oorpak aan. gevolg deur die hele glas water. Hou sy bek toe vir vyf minute.
- 11.** Bel die brandweer om die satan-helskat uit die boom te kom haal. Vra jou buurman om verskoning vir die taalgebruik en neem die laaste pil uit die dosie.
- 12.** Bind beide voorvoete van die bliksemse kat aanmekaar vas met duct tape

Bind hom stewig aan die poot van die eetkamertafel vas met 'n stuk ankertou. Trek jou soldeerhandskoene aan, druk die pil in 'n stukkie vleis en gooi dit 'n groot glas vol water. Hou die klein bliksem se kop agteroor, gooi die vleis in, gevolg deur die hele glas water. Hou sy bek toe vir vyf minute.

13. Neem die bottel whiskey en drink hom leeg. Vra jou maat om jou so gou moontlik, by Ongevalle te kry, want jy word al lighoofdig van die bloedverlies. Laat hulle jou vingers en voorarm vaswerk en die laaste pil uit jou oog uit verwyder. Bel onderweg vir Hyperama om 'n nuwe eetkamertafel te bestel.

14. Bel ook die DBV te reël dat hulle die gemuteerde satanskind van 'n helkat kom haal en stop by die troeteldierewinkel om te vra of hulle nie dalk klein hamsters het nie.

KAMMANUUS verskyn weer op 24 FEBRUARIE